Afrikaanse Gemeente UAE

Ds Gert Els 050 836 8392
gert@dubaigemeente.com
www.dubaigemeente.com
Jaargang 4 Uitgawe 114

Dag van Verootmoediging skuif na 11 September

Dag van verootmoediging met Ds Elza Meyer skuif na Vrydag 11 September 2009.

Hierdie dag is 'n uiters belangrike datum op ons gemeente kalender en die verandering vanaf Saterdag 12 ***na Vrydag 11 September*** is vanweë 'n laat versoek van Ds Elza. Sy en haar span vertrek op die Maandag, Zimbabwe toe vir 'n groot bedieningsweek aldaar. As sy eers op die Saterdagnag vanaf Dubai moet terugvlieg en die Sondag in SA arriveer, laat dit vir haar nie genoeg tyd vir haar laaste voorbereiding en uitrus nie. Omdat sy baie betrokke was en is by die inisiëring van ***UAE Draai terug na God*** toe het ons (leierskap) na gebed en heelwat beraadslaging besluit om die datum vanaf Saterdag 12 ***te verskuif na Vrydag 11 September***. Ons vertrou dat julle dit ook so sal verstaan. Dit bring my by die volgende saak.

Een gesamentlike diens om 10:00 vir al 5 bedieningspunte (Mirdif ingesluit) op Vrydag 11 Septemeber by Star International School *(waar ons die Goeie Vrydag ons gesamentlike diens geahd het*). Vrydag 11 September is die begin van al ons gemeente se aktiwiteite vir die nuwe termyn en die jaar 2009/2010. Daarom is 'n dag van verootmoediging ook baie gepas. Die dag van verootmoediging is ook die hoogtepunt van ons ***30 Dae Ramadan gebedsfokus: UAE draai terug na God.***

Inkleding van die dag.

Die dag bestaan uit drie dele:

Deel 1 is ons gesamentlike Erediens vanaf 10:00-11:30 gelei deur Elza Meyer rondom die belangrike saak van geloof. Ons musiekspan lei ons in lof en aanbidding. Verversings met koffie en tee vanaf 11:30 tot 12:30.

Deel 2 en 3 is ons verootmoediging: UAE draai terug na God vanaf 12:30 – 16:30 met 'n tee en koffie breek tussen die twee dele. **Deel 2:** Verootmoediging (deur gesprek, gebed en sang) in ons (terug) draai na God impakteer drie fasette van funksionering wat na God draai te wete hart, verstand en hand. **Deel 3** Verootmoediging (deur gesprek, gebed en sang) fokus verder op 4 plekke waar jy met jou hart, verstand en hand beïnvloeding bring te wete jou blyplek, werkplek, aanbiddingsplek en leefplek (UAE).

Indien jy nie deel 2 en 3 kan bywoon nie vra ons dat jy wel Deel 1 - ons Erediens - as afskop vir die nuwe termyn sal kan bybring.

Jongmense, kinders en mammas met babas. Daar sal vir ons kinders behoorlike voorsiening wees. As alles reg verloop behoort ons weer 'n poppekas te kan aanbied. Bevestiging hieroor sal in die week per epos gekommunikeer word.

Star International School Koördinate vir GPS is die volgende:

N 25º 7´ 58" en E 55º 12´ 21". Die skool is oorkant die Mall of the Emirates . Jy neem die Um Suqeim afrit in die rigting van die Burj al Arab en draai dan regs in Al wasl Road, verby die eerste vulstasie aan die regterkant en dan sowat 300 meter na die vulstasie draai jy regs by treet 9a. en ry reguit aan totdat jy die skool aan jou regterkant kry. Ek het 'n kaart aangheg wat maklik leesbaar is.

Uitnodiging: Kom neem deel in hierdie wonderlike dag waar ons die nuwe termyn as een groot geloofsgemeenskap saam kan begin. Nooi ander persone om saam ons Here Jesus te aanbid, Sy Naam groot te maak en saam Sy aangesig te soek vir ongelowiges en afgedwaaldes.